

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 6 Maart 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: Sagaria 4

Tema: Serubbabel, seun van olie!

Nag van 24 Februarie 519 vC:

In die tydperk wat die bouers wag vir die antwoord van koning Darius oor die hervatting van die bouproses stap Sagaria een aand deur die ruïnes van Jerusalem en wonder hoe hy die leiers en bouers gaan motiveer om voort te gaan met die bouwerk. In dié nag verskyn die Here aan hom en gee vir hom agt nagvisioene. Jerusalem en die tempel gaan herbou word, God beheer die lot van volkere, Jerusalem gaan 'n stad sonder mure word en die geestelike outoriteit van Jesua is herstel. Die vyfde visioen gaan oor die bemoediging van Serubbabel.



Goue kandelaar:

In hierdie visioen sien Sagaria 'n kandelaar wat heeltemaal van goud gemaak is. Bo-op is 'n oliebak met sewe tuite en sewe lamppitte in elke tuit, altesaam 49.

Twee olyfbome:

By die kandelaar is twee olyfbome, een regs van die oliebak en een links. Toe Sagaria die olyfbome sien, vra hy na die betekenis van die twee olyfbome asook die twee bondels olyftakkies langs die twee goue pype waaruit die goud-kleurige olie stroom.

“Seuns van olie”:

Die engel het hom geantwoord, “Dit is die twee gesalfdes (Hebreeus: Seuns van olie) wat in diens staan van Hom aan wie die hele aarde behoort.” Die twee olyfbome verskaf die goue olie wat in die goue oliebak in loop waaruit die 49 kandelare gevoed word.

Verwys na Jesua en Serubbabel:

Hierdie twee olyfbome verwys na Jesua en Serubbabel as “die seuns van olie”, wat die goue bak met goue olie voed wat die 49 lamppitte laat brand.

HIERDIE BOUPROJEK HET SOOS 'N BERG VOOR SERUBBABEL GELÊ:

- **Brief aan Darius.** (Esra 6)

Hier volg nou 'n afskrif van die brief wat goewerneur Tattenai van Wes-Eufraat aan koning Darius gestuur het.

- **Negatiewe element.** (Esra 3:13)

- Die hele volk het dit tot lof van die Here uitgejubel, want die fondamente van die huis van die Here was gelê.
- Baie van *die oueres* onder die priesters, die Leviete en die familiehoofde wat nog die eerste tempel geken het, het hardop aan die huil gegaan toe hulle sien *hoe* die fondamente van hierdie tempel gelê word.



- **Verdeeldheid onder die bouers.** (Haggai 1:2)

Hierdie volk sê dit is nie nou die tyd om die tempel te herbou nie.

- **Geen geld.** (Sagaria 8:9,10)

So sê die Here die Almagtige: Skep moed! Julle het gehoor wat die profete destyds gesê het toe die fondamente van die tempel van die Here die Almagtige gelê is sodat dit herbou kan word. Voor daardie tyd was *daar nie geld* om mense of diere te huur nie, en die toestand was so gevaarlik dat niemand veilig kon beweeg nie.

HIER IS DIE BOODSKAP AAN SERUBBABEL, DIE SEUN VAN OLIE, IN DIENS VAN GOD, AAN WIE DIE HELE WÊRELD BEHOORT. (SAGARIA 4:5-10)

1. Die sleutel tot jou sukses: nie met mag en krag... (4:6)

- Nie met mag (militêre mag) en krag (krag van bouers) sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige. Die HG is die onsigbare mag wat die gang van sake beïnvloed. (Daardie sewe oë op die klip voor Jesua is die oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk; 4:10b).

2. Lê van kapsteen: well done! (Sag. 4:7)

- Selfs die grootste berg sal voor Serubbabel 'n gelykte word. As Serubbabel die laaste klip van die tempel op sy plek sit, sal die mense roep: "Mooi, mooi!"

3. Jou hande sal die projek voltooi. (Sag 4:8,9)

- Daarna kom die woord van die Here tot my: Serubbabel se hande het hierdie tempel se fondamente gelê, sý hande sal dit klaar bou.

4. Die dag van klein dingetjies. (Sag. 4:10)

- Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie. Die mense sal bly wees wanneer hulle sien Serubbabel *gaan aan* met die bouwerk.



Hierdie was die boodskap aan Serubbabel, die seun van olie, in diens van God, aan wie die hele wêreld behoort. Die tempel is vier jaar later onder die leiding van Serubbabel en Jesua voltooi en toe kon die volk fees vier. (Esra 6)

Danksy die optrede van die profete Haggai en Sagaria seun van Iddo het hulle goed gevorder. So kon hulle die gebou klaar maak soos die God van Israel hulle dit opgedra het en soos konings Kores, Darius en Artasasta van Persië beveel het.

¹⁵Die tempel is voltooi op die derde dag van die maand Adar, in die sesde jaar van die regering van koning Darius. ¹⁶Die Israeliete, die priesters, die Leviete en die ander wat uit die ballingskap teruggekom het, het die inwyding van die tempel met vreugde gevier. (Esra 6)

SEËNBEDE:

²Mag die Here u gebed verhoor
op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom
uit die heiligdom, u bystaan uit Sion.

⁴Mag Hy al u graanoffers onthou
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.
Mag die Here alles gee wat u vra.



OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Ondersteun asseblief ons borge! Vandag se erediens is geborg deur:



PKM TRANSPORT

We don't
cut corners

**FURNITURE & OFFICE REMOVALS
ALL PACKING MATERIALS
FREE ON-SITE QUOTATIONS**

 **086 111 1129**  www.pkmtransport.co.za

